

# Inhoudsopgawe

Inleiding .....	7
<i>Studie 1:</i> Oorsig oor die boek Habakuk .....	15
<i>Studie 2:</i> Hoe lank nog? .....	21
<i>Studie 3:</i> God wag dat harte verander .....	33
<i>Studie 4:</i> Wat antwoord God hierdie keer? .....	43
<i>Studie 5:</i> Die Here praat verder .....	51
<i>Studie 6:</i> Daar is niemand soos God nie .....	59
<i>Studie 7:</i> Oordeel en genade .....	69
<i>Studie 8:</i> Nogtans sal ek jubel .....	79
Slotwoord .....	87
Die betekenis van Habakuk vir vandag .....	89

# Inleiding

Welkom by ons studie oor die boek Habakuk! Die bekendste gedeelte in hierdie boek is sekerlik Habakuk 3:17-19 waaroor daar al baie gepreek en baie liedjies geskryf is. Hier is die woorde:

Selfs al sal die vyebome nie bot nie  
en die wingerd sonder druiwe staan,  
al het die olyfoes misluk,  
en lewer die landerye niks op nie,  
al vergaan die kleinvee in die veld  
en is die beeskrale leeg;  
tog, ten spyte van alles,  
sal ek my verbly in die HERE!  
Ek sal juig oor God  
wat my verlos!  
Die oppermagtige HERE  
is my krag!  
Hy maak my voete  
soos dié van 'n ribbok;  
op hoë plekke  
laat Hy my veilig loop.

Min mense weet egter wat die aanloop tot hierdie woorde was. Dit is waarna ons in bietjie meer diepte gaan kyk. Die Bybel is die geïnspireerde Woord van God en bevat

die openbaring van God se persoon en karakter in die alledaagse lewe van die mens. Ons sien dit as geïnspireerd omdat niemand die persoon of karakter van God kan ken tensy Hy dit bekendmaak (openbaar) nie. God maak dit bekend deur sy Gees en sy Seun, Jesus Christus.

Die 66 boeke van die Bybel bevat verhale, gedigte, profesieë, wysede, verslae en spesiale boodskappe van mense wat deur die Gees van God geïnspireer en beweeg is. Daarom is die Bybel nie net sommer nóg 'n boek nie. Vir ons is dit kosbaar en heilig en ons koester dit, want dit:

- is die verhaal van God se werkinge met die mens.
- is die verhaal van God se verlossing waarsonder niemand God sal sien nie.
- openbaar die beginsels van God se persoon en karakter aan ons.
- spel die fondasie van God se wil vir ons as mense uit.
- is 'n Goddelike rigtingwyser vir ons lewe vandag.

Dit is baie belangrik om die Bybel reg te lees en reg te verstaan. As ons die Bybel verkeerd interpreteer, kan dit lei tot 'n verkeerde verstaan van God en 'n verdraaide begrip van sy wil. Dít kan ons lewe stuur op 'n pad waar die seëninge en heerlikheid van God nie is nie. En ons wil dit ten alle koste vermy.

Voor jy die boek Habakuk oopmaak, moet jy eers 'n paar dinge van die boek weet:

1. *Die boek is nie vanoggend spesiaal net vir jou geskryf nie.* Die boek dateer uit ongeveer 647 vC. Dit is geskryf in 'n era wat nie meer aan ons bekend is nie – die leefwêreld van die mense in 700 vC was radikaal anders as ons

s'n vandag. Vir die eerste lesers van Habakuk was alles natuurlik verstaanbaar en algemeen bekend. As ons die inhoud van die boek wil verstaan, is dit belangrik om die omstandighede rondom die skryf van die boek te verstaan. Dit gee vir ons belangrike insig in die boodskap van die boek.

2. *Die boek is geskryf in 'n taal wat die oorspronklike ontvangers kon verstaan.* Niemand praat vandag meer daardie taal nie. Die Hebreeus van Habakuk is anders as die Hebreeus wat die Jode vandag in Israel praat. Jy kan dit min of meer vergelyk met die hoog-Hollands van Jan van Riebeeck en die Afrikaans van vandag. Die taal en die idiome is vir ons vreemd.

Om te verstaan wat Habakuk sê, moet ons die taal verstaan wat hy praat. Vir die meeste van ons is dit egter nie moontlik om antieke Hebreeus te leer nie, maar danksy die toegewyde werk van dié wat dit wel gedoen het, kan ons uitstekende kommentare raadpleeg om ons te help verstaan.

3. *Hoekom wil ons al hierdie moeite doen met die inhoud van die boek?* Ons wil God se boodskap en openbaring aan Habakuk verstaan sodat ons God se boodskap aan ons vandag, deur dieselfde boek, kan verstaan. Hoekom wil ons dit alles verstaan? God se Woord is 'n lig vir ons pad en 'n lamp vir ons voet.

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en is nuttig om ons te onderrig, die verkeerde te weerlê, om ons tereg te wys en om die regte leefstyl by ons te kweek. Dit is God se manier om sy mense voor te berei vir hulle taak, ten volle toegerus vir elke goeie ding

wat Hy wil hê hulle moet doen.

~ 2 Timoteus 3:16-17

4. *Kan die Heilige Gees nie die Bybel aan 'n mens openbaar sonder dat 'n mens die boek hoef te bestudeer nie? Wat van die mense wat nie toegang tot hierdie middele het nie? Wat van die teoloë wat al die kennis het, maar steeds die boodskap byster is?*

Vir eeue lank al verlig die Heilige Gees die hart en verstand van mense deur die waarheid van God se Woord. Baie van hierdie mense kan self nie lees nie en moet staatmaak op 'n geletterde familielid wat getrou die Bybel voorlees. Die enigste manier om die Bybel te verstaan, is deur die verligting van die Heilige Gees. Hy het immers die Bybel geïnspireer! 'n Mens kan al die boekkennis hê, maar sonder die Heilige Gees is die inhoud dood.

In dieselfde asem beklemtoon ons ook ons verantwoordelikheid om seker te maak ons verstaan wat God sê en maak nie maar net ons eie afleidings nie. Paulus gee aan Timoteus die volgende raad: “Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny” (2 Timoteus 2:15, Bybel in Afrikaans 1933/1953). Dit is in hierdie “sny” van die “woord van die waarheid” waar ons verantwoordelikheid lê. Goeie studie help om die gapings tussen die eerste lesers en ons vandag te oorbrug.

5. *In Habakuk se tyd was die koninkryk van Israel verdeel. Die koninkryk van Israel was op sy kruin met die heerskappy van Dawid en Salomo, maar ná Salomo het*

alles verander. Die eens magtige koninkryk is in twee geskeur: 'n noordelike koninkryk en 'n suidelike koninkryk. Die noordelike koninkryk het bestaan uit 10 stamme met sy hoofstad in Samaria en die suidelike koninkryk uit 2 stamme met sy hoofstad in Jerusalem. Dis nogal belangrik dat jy dit verstaan anders kan 'n mens lekker deurmekaarraak met al die konings en hul dinge!

Die noordelike koninkryk is aangeval deur Assirië (Noord-Irak) in 732 vC en 720 vC en 'n groot deel van die inwoners is as ballinge weggevoer. Die suidelike koninkryk is aangeval deur Babilonië (Suid-Irak) in 606/605 vC en 587-586 vC. Ook hier is 'n groot deel van die bevolking as ballinge weggevoer. Jerusalem en die tempel is totaal verwoes. Dit was die einde van die verdeelde koningskap in Israel.

Alhoewel daar heelwat bespiegeling is oor presies wanneer Habakuk geskryf is, gebruik ons vir hierdie studie die datum 647-642 vC soos gegee deur *The New Chronological Bible* (R. Jerome Boone, E.E. Gaddy, Nashville, Tennessee, 1980).

6. *In Habakuk se tyd was daar baie sonde in Israel.* Die noordelike konings was rillers. Die een was meer ongehoorsaam aan God as die ander. Herhaaldelik het God hulle gewaarsku dat Hy hulle gaan oordeel as hulle hulle nie bekeer nie, maar soveel kere as wat God gewaarsku het, soveel kere het Israel hulle hart verhard. Nou ja, die dag toe die oordeel van God aan die deur klop, toe is daar groot konsternasie in die laer en almal skreeu: "Help! Help!" maar dit was te laat.

Israel se broers in die suidelike koninkryk het al hier-

die dinge gadeslaan. Dieselfde God het met dieselfde woorde, pleidooie en waarskuwings na hulle gekom. Juda het die “voorreg” gehad om te sien hoe dit lyk as God sy oordeel voltrek, maar selfs dit was nie genoeg om Juda van die sonde te laat wegdraai nie.

Op die ouderdom van 12 jaar word Manasse koning van Juda in Jerusalem. Hy het vir 43 jaar as koning oor Juda geheers. Maar Manasse se hart was, soos baie van Juda se konings voor hom, nie by God nie. Hier volg 'n lys van die konings van Juda (suidelike koninkryk) tot en met Manasse en die invloed wat hulle op Juda uitgeoefen het:

Rehabeam	Meestal sleg
Abia	Meestal sleg
Asa	Goed
Josafat	Goed
Joram	Sleg
Ahasia	Sleg
Atalia	Boos
Joas	Meestal goed
Amasia	Meestal goed
Ussia	Goed
Jotam	Goed
Agas	Boos
Hiskia	Onder die bestes
Manasse	Onder die slegstes

In Jeremia 4:1-4 praat God met Juda en sê:

“Israel, keer terug na My toe,”  
sê die HERE.

“As julle ontslae raak  
van die afskuwelike afgode,  
sal julle nie meer so rigtingloos  
wees nie.

<sup>2</sup>As julle ’n eed sweer  
en my Naam gebruik,  
moet julle die waarheid praat.  
Begin reg lewe,  
behandel mense regverdig  
en doen wat reg is.

As julle dit doen,  
sal julle  
die nasies van die wêreld seën.  
Hulle sal My kom vereer.”

<sup>3</sup>Dit is wat die HERE vir die mense van Juda en Israel sê:

“Ploeg die harde grond  
van julle harte.  
Moenie goeie saad  
tussen dorings saai nie.

<sup>4</sup>Maak julle harte en gedagtes  
skoon voor die HERE,  
inwoners van Juda  
en Jerusalem.

Anders sal my woede  
oor julle uitbreek  
oor julle sonde,  
soos ’n vuur  
wat niemand kan blus nie.”

God se hart is baie duidelik hier. Hy wíl nie oordeel nie,



maar sal as Juda hom nie aan God steur nie. Juda moet besluit of God gaan oordeel al dan nie. Maar 2 Kronieke 33:10 beskryf Juda se reaksie: “Die HERE het met Manasse en sy volk gepraat, maar hulle het al sy waarskuwings geïgnoreer.” Habakuk is geskryf vyf jaar voor die dood van Juda se koning Manasse.

’n Interessante punt word aangeraak in 2 Kronieke 33:15 en 17. ’n Paar jaar voor sy dood het Manasse probeer wegdoen met afgodery, maar die volk het steeds voortgegaan om op die hoogtes te offer – alhoewel nie aan afgode nie, maar aan God. Die probleem hiermee was dat God bepaal het dat daar slegs in die tempel op voorgeskrewe wyse geoffer mag word. Alhoewel die hervormings gelyk het asof Juda na God keer, het hulle selfs in die “hervormings” hul rebellie teen God uitgeleef deur ’n halfhartige benadering tot iets wat hul volle toewyding vra.

1

O  
Oorsig oor die  
boek Habakuk

# Oorsig oor die boek Habakuk

Lees die hele Habakuk  
'n paar keer rustig deur.



1. Wat is jou indruk van die boek?

---

---

---

---

---

2. Waaroor dink jy gaan die boek Habakuk?

---

---

---

---

---

3. Wat is God se boodskap in hierdie boek?

---

---

---

---

4. Aan wie is die boodskap gerig?

---



---



---



---

5. Wat dink jy is die boodskap wat ons vandag daaruit kan haal?

---



---



---



---



---

Hoe meer jy Habakuk deurlees, hoe duideliker raak die boodskap. Die boek gaan oor God se algehele geregtigheid oor mense. Hy regeer oor die nasies en almal sal aan Hom verantwoording doen. Habakuk is 'n kykie in wêreldgebeure vanuit God se perspektief. Dit verklaar wêreldpolitiek vanuit die troonkamer van God. Habakuk het ook 'n belangrike boodskap aan gelowiges wat in hierdie gebroke, rebelse wêreld leef. Die profeet het 'n kragtige geheim – hy sien God te midde van alles, en alhoewel hy hom nie kan losmaak van die wêreld waarin hy leef nie, het hy 'n magtige vesting waar hy kan skuil wat hom hoop gee te midde van wanhoop – lewe te midde van dood.

Terwyl jy deur Habakuk lees, gaan jy waarskynlik voel asof die boek jou eie emosies en gewaarwordinge in van-

dag se wêreld verwoord. Jy is nie verkeerd nie! Alhoewel tye al drasties verander het sedert 647 vC is die hart van die mens steeds dieselfde, die handeling van God oor die nasies is steeds dieselfde, en die boodskap van God is steeds dieselfde: "Onderwerp julle aan God sodat Hy nie toornig word en jy op die pad omkom nie. Want sy toorn ontvlam gou, maar daar is vreugde vir almal wat by Hom skuil" (Psalm 2:12).